Oordenking
28 Julie 2010

Hoe moet ek die Bybel lees dat ek dit persoonlik op my kan toepas?

Ons menslike selfgesentreerdheid laat ons maklik in die slaggat trap om te dink dié vers was net vir my, vir vandag, geskryf. Dit lei tot verkeerde uitleg van die Skrif en is seker een van die bose se sekerste maniere om God se bedoeling met die Skrif te verdoesel en te verdraai.

Ek was opgewonde toe ek op artikels deur *David Powlison* afgekom het wat dit maklik maak om te verstaan wat die regte manier is om die Bybel vir onsself, vandag, toe te pas. In die volgende paar oordenkings op Woensdae, wil ek van die kern waarhede in hierdie artikels deel.

Dit gaan daaroor dat ons moet weet hoe om die Skrif op ons huidige persoonlike omstandighede toe te pas. Daar is 'n regte manier wat seker maak dat ons God se Woord met God se gesag vandag kan hoor praat. Daar is ook verkeerde maniere wat veroorsaak dat ons hoor wat ons wil, in plaas van wat die Heilige Gees met die Woord bedoel het toe dit neergeskryf is. Dit lei tot misverstand en misleiding en het geen goddelike gesag nie. Maar, geen gelowige behoort te lewe sonder om die wonderwerk te ervaar dat die Heilige Gees persoonlik met ons deur die Bybel as God se Woord vir ons praat nie.

Die woorde wat in die Bybel geskryf is was geadresseer aan mense wat lank gelede geleef het, in plekke en omstandighede en oor sake wat in baie gevalle lank reeds nie meer bestaan nie. Nogtans het die oorspronklike, eerste lesers presies geweet wat God daarin vir hulle wou sê oor hulle lewe en geloof.
Niks in die Bybel is op presies dieselfde manier op ons van toepassing soos vir die eerste lesers nie.
In die Bybel lees ons briewe wat vir ander mense geskryf is.
Nogtans sê die Bybel self by herhaling dat hierdie woorde ook vir ons en vir elke gelowige, 'n persoonlike boodskap vir elke tyd het.
Rom 15: 4 sê "Alles *wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer*" (Sien ook *Deut. 29:29, 1 Kor 10:11 en 2 Tim 3: 15 – 17.)*

Toepassing van die Bybel vir onsself, vandag, moet ontdek wat die Heilige Gees vandag vir my wil sê, sonder om die oorspronklike bedoeling van die Heilige Gees daarmee uit die oog te verloor.

Tweedens moet ons onthou dat die Bybel oor God gaan en nie oor ons nie! Die onderwerp van die Bybel is die drie-enige God, soos veral en ten volle aan ons bekend gemaak deur die lewe en werk van ons Here Jesus Christus.
Ons lees dat Jesus "*by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê"* het. (Luk 24:27). Hy het vir sy dissipels gewys hoe alles wat in die Bybel geskryf is – oor skepping, beloftes, gebooie, geskiedenis, psalms, profesieë, wyshede – in werklikheid en in essensie – oor Hom gaan.

Ons lees dus in die Bybel nie net briewe wat aan ander geskryf is nie, maar ook iemand anders se biografie!
Maar dis ook waar dat alles wat ons oor Jesus lees – en die hele Bybel wys na Hom – 'n persoonlike woord het vir jou en vir my. Toepassing van die Bybel vir my lewe, vir my, herskryf my lewe sonder om die Bybel te herskryf. Want om die Bybel so te probeer herskryf dat dit my pas, is 'n gevaarlike slaggat waarin teveel van ons trap.

Persoonlike toepassing van die Bybel, met God se gesag daaragter, kan slegs beleef word as ek die beginsels hierbo onthou.

Die Bybel was in die eerste plek vir ander geskryf – maar het 'n boodskap vir my.
Die Bybel gaan eintlik oor God - maar die betekenis daarvan raak my persoonlik, vir my omstandighede van vandag!

Maar hoe moet ons dan lees? Oor die volgende klompie Woensdae gaan ek duidelike riglyne hieroor gee.